

# Die Dansende Boerbok

Folktale

Afrikaans

African Storybook.org



Op 'n dag, het 'n boerbok in die bos ingegaan, en gelukkig rond geloop. Maar toe verdwaal sy!




Skielik, toe sien sy 'n wolf! Die wolf het na haar toe gekom, en hy het baie honger gelyk.




Die boerbok het gesê: Meneer Wolf, ek weet jy wil my eet. Maar ek wil graag gelukkig doodgaan!

Die wolf vra toe die boerbok: Wat bedoel jy? Gelukkig doodgaan? Hoe?






Die boerbok het geantwoord: As ek moet doodgaan, sal ek graag wil doodgaan terwyl ek dans!

Toe vat die wolf sy kitaar. Hy het gaan sit en begin speel.





En die boerbok het begin dans, alhoewel sy nogsteeds 'n bietjie bekommerd was.



Daar was honde naby daardie plek. Hulle wou gaan kyk waar die geraas vandaan kom.



Die wolf is bang vir honde daarom het hy toe omgedraai en weggehardloop.



Maar die boerbok het aangehou dans, want sy was nou ontslae van die wolf!

# Die Dansende Boerbok

Writer: Folktale
Illustration: José Nhambo
Translated By: Kayla Haarhoff
Language: Afrikaans



Hierdie storie is 'n volksverhaal. Die leesvlak van hierdie boek is eerste sinne. Die illustreerder van hierdie boek is José Nhambo. Hierdie boek is gepubliseer in 2015 en was geskryf deur student van Universidade Pedagógica-Maxixe, Mosambiek. Hierdie boek is geredigeer

© Mozambican Writers, 2014

This work is licensed under a Creative Commons Attribution (CC-BY) Version 3.0 Unported Licence

Disclaimer: You are free to download, copy, translate or adapt this story and use the illustrations as long as you attribute or credit the original author/s and illustrator/s.

Saide
South African Institute for Distance Education

www.africanstorybook.org
A *Saide* Initiative